# Huldigingsrede gelewer by die begrafnis van prof. H.G. Stoker[1]

C.J. Reinecke
Rektor
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Prof. Stoker was vir byna sy hele lewe nou aan ons Universiteit verbonde.

As student vanaf 1917-1921; as dosent vanaf 1924-1964; as emiritus-professor: 1965-1969; as ere-professor vanaf 1970; as ere-doktor, toegeken op 24-01-1971; as 'n toegewyde en lojale ondersteuner van die Puk tot en met sy afsterwe die afgelope Sondag.

Hiermee dan my innigste meelewing, ook namens die Raad en Senaat van die Universiteit, aan elkeen van die familie. Mag u die ryke vertroosting van ons Hemelse Vader baie innig ervaar.

Graag maak ek van die geleentheid gebruik om in die huldiging van prof. Stoker 'n viertal momente uit te lig uit korrespondensie wat hy met die Universiteit in die loop van die jare gevoer het – korrespondensie wat ons 'n besondere insig gee in die omstandighede waaronder prof. Stoker by die Puk gearbei het, maar ook besondere insig in sy toewyding aan sy taak en roeping.

## 1. Aansoek om 'n betrekking by die PUK

Die heel eerste dokument in die personeellêer van prof. Stoker by die Universiteit is sy handgeskrewe aansoek vir die pos van Senior Lektor in Filosofie wat in 1924 geadverteer is. Hierdie aansoek is gedateer 18 Oktober 1924. In die brief gee hy 'n oorsig oor sy akademiese kwalifikasies, in die besonder na die studie wat hy in Duitsland voltooi het:

> Na my M.A.-graad het ek my studie in Europa voortgesit: Eers twee semesters aan die Universiteit te Keulen, Duitsland, toe een semester aan die Universiteit van Berlyn en ten slotte weer twee semesters aan die Universi-

1 Rede gelewer in die Gereformeerde Kerk, Noordbrug Potchefstroom op 19 Mei 1993 om 10:30.

> teit te Keulen, waar ek in Julie 1924 (2½ jaar na M.A.) my doktorsgraad in die Filosofie behaal het. My Doktorseksamen het ek "magna cum laude", afgelê, waarvan ek u 'n sertifikaat stuur.

Ons weet dat sy promotor, dr. Max Scheler, hierdie uitsonderlike proefskrif so hoog geag het, dat hy dit opgeneem het in sy reeks "Schriften zur Philosopie und Sociologie".

Gebou op hierdie stewige akademiese basis, het prof. Stoker 'n loopbaan van akademiese uitmuntendheid gehad waar Stoker saam met Dooyeweerd en Vollenhoven gereken word as die drie grootste Calvinistiese wysgere wat die tyd opgelewer het. Ons huldig prof. Stoker vandag graag as akademikus van formaat wat sy *alma mater* op die hoogste vlak gedien het.

## 2. Volkslewe

In die volkslewe het prof. Stoker die Calvinistiese beginsels bevorder en uitgeleef deur aktiewe deelname aan volksfeeste en veral as skrywer van 'n groot aantal artikels van velerlei aard. Dit is juis hierdie opregbedoelde bydrae om 'koers in die krisis' te gee, wat lei tot sy inhegtenisname op 21 Desember 1942 en sy internering in Koffiefontein-kamp tot in November 1943. Nieteenstaande hierdie moeilike tyd, bly hy op 'n besondere wyse aan die Puk verbonde. Net na sy vrylating op parool, skryf hy aan die Raad:

> In besonder was dit vir my in die kamp te Koffiefontein, en is dit ook vir my hier op plaasparool 'n gewaardeerde gerusstelling gewees dat my vrou en kinders tydens my onvryheid nie sonder inkomste agtergelaat word nie. Hierdeur is sowel vir my vrou as ook vir my heelwat sorg en kommer bespaar.
>
> Deur wat u in hierdie tye van krisis aan my en my gesin gedoen het, het ek weer besef dat die band wat ons Raad aan ons dosente bind nie 'n bloot ekonomies kontraktuele is nie, maar veral 'n sedelike band deur ons beginsels gedra, en deur ons godsdiens verdiep.

Die uitsonderlike rol wat hy in die Kamp vervul het, blyk uit 'n ander aanhaling uit sy brief:

> Wat ookal die redes van my internering is of mag wees, wil ek u ten volle verseker dat ek altyd in die lig van ons PUK beginsels opgetree, my bes gedoen het om die naam en eer van die PUK hoog te hou.
>
> Wat my verblyf in ons Koffiefonteinse Interneringskamp betref, voel ek dat ek u moet meedeel, dat ek gevra is om as lektor en as dosent van ons kamp-akademie op te tree, en dat ek ook daar die naam van ons Inrigting hoog

> gehou het en die beginsels waarvoor sy staan, uitgedra het, en dat veral hierdie taak my verblyf aldaar veraangenaam het.

Ook in sy beproewing as geïnterneerde het hy aan sy hoë roeping getrou gebly, en inderdaad daar koers en leiding gegee. In die moeilikste omstandighede was sy getroue verbintenis aan die *alma mater* vir hom 'n belangrike rigsnoer. Ons eer hom ook hierin.

## 3. Visie op die tydsgees

In sy publikasies het prof. Stoker altyd 'n besondere visie op die betekenis van die tydsgees, en die plek en rol van die Universiteit binne hierdie tydsgees gehad.

Waar ons in Suid-Afrika vandag binne 'n tyd van fundamentele verandering staan, moet ons ook die Universiteit, die PUK, so rig dat dit getrou aan sy hoë ideale van *In U lig* bly, en tog ook moet beantwoord aan die eise van die tyd, die land en die mense. Hierin is juis prof. Stoker se visie vir ons 'n besondere rigsnoer:

> Elke tydsgewrig het 'n universiteit (of behoort een te hê) wat by hom pas. Met die verandering van tye verander ook die taak van die Universiteit.
>
> Waar 'n verandering van tye fundamenteel is en nie geleidelik geskied nie, spreek ons van 'n krisis. Dergelike wendings in die hele geskiedenis plaas ook die Universiteit voor krisisse. Met 'n krisis kom die Universiteit voor die vraag te staan of dit aan die eise van sy tyd beantwoord.

En dan volg sy uiteensetting hoedat elke universiteit wat sy naam as universiteit waardig is, nie voor die veranderde omstandighede kapituleer nie, maar antwoordgewend en deurgrondend op die omstandighede reageer om steeds op die voorpunt te bly. Hierdie helder visie van prof. Stoker spreek vandag nog waar ons by die Puk moet beplan met die oog op die toekoms.

## 4. Verbondenheid aan Potchefstroom en die Puk

Mev. Stoker het my Maandagaand weereens verseker van die besondere verbintenis en verbondenheid wat prof. Stoker met Potchefstroom en die Puk ervaar het. Vandaar ook die besluit dat hy hier in Potchefstroom ter ruste gelê moet word. Die heel laaste korrespondensiestuk in sy eie handskrif in die personeellêer getuig by uitnemendheid van hierdie verbondenheid en is vir ons 'n appèl om ons hoë roeping met heilige erns uit te leef:

> Die bande met u bly innig en sterk, al het ek nou Pretorianer geword nadat ek vir sovele jare Potchefstromer was. In die liefde en gees is ek met u – ook in kostelike dankbare herinnerings en as eredosent – en sal ek met u bly! U verwesenliking van u Godgegewe roeping sal ek met innige belang-

stelling bly volg! *Vivat, crescat et floreat nostra Universitas Christiana, soli Deo Gloria.*

Ons eer die nagedagtenis van prof. H.G. Stoker: 'n begenadigde mens wat sy hele lewe by sy *alma mater* in roepingsbewustheid en as gelowige gebou en werk het, en deur daardie lewenstaak hoë akademiese statuur aan ons universiteit gegee het.

Ek dank u.